# Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks [15]



**Hasie en Skilpad**

1. Hasie terg vir Skilpad omdat hy so stadig is.
2. "Kom jy waar jy wil wees?" vra hy vir Skilpad.
3. "Ja," antwoord Skilpad, "en ek kom daar vinniger as wat jy dink. Kom ons hou resies en ek sal jou wys."
4. Hasie kan nie glo dat skilpad hom uitdaag nie, maar vir die pret sê hy ja. Jakkals, wat 'n ogie oor die resies moet hou, merk die afstand en laat hulle wegspring. Jakkals vra vir Aap en Beer om die lint vas te hou vir die wenner by die eindstreep.



5. Hasie begin hardloop met spoed na die wenstreep. Hy is sommer gou uit sig. Hasie is nou baie moeg en besluit om 'n slapie langs die baan te neem.
6. Intussen loop Skilpad sleepvoet na die eindstreep, en, ook verby Hasie wat te lekker slaap. Toe Hasie uiteindelik wakker word, was Skilpad baie naby aan die wenpaal. Hasie hardloop vinnig na die wenpaal, maar hy was te laat!



Bron:

http://www.afrikanervolksparty.org/index.php/101-ou-web-argief/storietyd/2194-dis-storietyd-12-hasie-en-skilpad.html

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

1.1

Hoekom terg Hasie vir Skilpad?

a) Omdat Skilpad stadig is
b) Omdat Skilpad kwaad is
c) Omdat Skilpad slim is
d) Omdat Skilpad vinnig is

---

1.2

Hasie wil met Skilpad resies. Dink jy dit is 'n goeie of slegte idee?

a) 'n Goeie idee, want Hasie sal wen
b) 'n Goeie idee, want Skilpad is vinnig
c) 'n Slegte idee, want Hasie is moeg
d) 'n Slegte idee, want niemand hou van resies nie

---

1.3

Wie kyk dat alles goed verloop tydens die resies?

a) Beer
b) Aap
c) Jakkals
d) Hasie

---

1.4

Hoe het Skilpad geloop tydens die resies?

a) Baie vinnig
b) Springend
c) Stadig ("sleepvoet")
d) Hardlopend

---

1.5

Hoekom het Hasie 'n slapie gevat?

a) Hy was verveeld
b) Hy was moeg
c) Hy was bang
d) Hy was seer

---

FROZENFOCUS® EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

1.6

Wie sou by die eindstreep wees om te help?

a) Hasie en Skilpad
b) Aap en Beer
c) Jakkals en Hasie
d) Beer en Skilpad

---

1.7

Wat sou jy vir die wenner as ’n prys gee?

a) ’n Medalje
b) ’n Boek
c) ’n Speelding
d) Enige aanvaarbare prys

---

1.8

Watter les kan ons uit hierdie fabel leer?

a) Moenie mense terg nie
b) Hardloop altyd vinnig
c) Wen maak jou beter as ander
d) Slaap tydens ’n resies

---

1.9

FROZENFOCUS EDUCATION

Hoekom dink jy loop Skilpad so stadig?

a) Hy is lui
b) Hy is moeg
c) Hy dra sy eie huis
d) Hy wil verloor

---

1.10

Wie het die resies uiteindelik gewen?

a) Hasie
b) Beer
c) Aap
d) Skilpad

---

LIVEWORKSHEETS

1.11

Hoekom het Aap en Beer die lint by die eindstreep vasgehou?

a) Om te speel
b) Om die resies te begin
c) Om te sien wie die wenner is
d) Om Hasie te help

---

## Vraag 2: Visuele teks [10]

---




---

2.1

Noem **EEN item** wat die troeteldierwinkel verkoop.

a) Skoolklere
b) Speelgoed

LIVEWORKSHEETS

c) Boeke
d) Fietse

---

2.2

Waar is die troeteldierwinkel geleë?

a) 10 Kerkstraat, Pretoria
b) 5 Son Straat, Benoni
c) 8 Hoofstraat, Durban
d) 12 Markplein, Kaapstad

---

2.3

Wat is die **kontaknommer** van die winkel?

a) (012) 973 8243
b) (011) 978 8234
c) (011) 973 8243
d) (010) 973 8243

---

2.4

Watter **TWEE diere** kan jy in die advertensie sien?

a) Perd en koei
b) Hond en kat
c) Skaap en bok
d) Slang en spinnekop

---

2.5

Wat is **EEN** van die goedkoop items wat die winkel verkoop?

a) Hondesalon
b) Troeteldierhuise
c) Viskos
d) Diere-speelgoed

---

2.6

Hoe sal jy **vir 'n vis sorg**?

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

a) Jy moet hom elke dag bad
b) Jy moet hom viskos gee
c) Jy moet hom laat hardloop
d) Jy moet hom kam

---

2.7

Hoeveel kos dit om jou **klein hond** na die salon te neem?

a) R50
b) R80
c) R100
d) R150

---

2.8

Watter diere word **in hokke aangehou** volgens die advertensie?

a) Katte
b) Honde
c) Visse
d) Voëls

---

2.9

Watter dier sal jy by hierdie winkel koop?

a) 'n Hasie, want dit is sag
b) 'n Slang, want dit is gevaarlik
c) 'n Perd, want dit is groot
d) 'n Leeu, want dit is sterk

---

2.10

FROZENFOCUS®
EDUCATION

Wat beteken die term **"goedkoop items"**?

a) Dit kos baie geld
b) Dit is verniet
c) Dit kos nie baie geld nie
d) Dit is oud

LIVEWORKSHEETS

## Vraag 3: Opsomming [5]

A. Hasie kom toe laaste by die eindstreep.
B. Hasie vang 'n slapie langs die baan.
C. Jakkals loop saam met Skilpad.
D. Hasie spot vir Skilpad oor hy stadig is.
E. Hasie eet 'n lekker geel wortel.
F. Jakkals hou 'n ogie oor die wedstyd.
G. Aap en Beer is by die eindstreep.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

4.1

Skryf die sin oor. Gebruik **hoofletters** en **punte**. (1)

haas en skilpad is maats maar nie as hulle reis nie

Antwoord→ ________________________________

4.2

Lees die volgende en skryf die **korrekte vorm** van die woord in **hakies**. (1)

Ek slaap baie (lekker) maar Hasie slaap die ________________________________.

4.3

Skryf die sin in die **ontkennende vorm**. (1)

Hasie hardloop vinnig na die wenpaal.

Antwoord→ ________________________________

4.4

Gee die **verkleining** van die woord. (1)

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

hond → ________________________________

4.5

Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**. (1)

Aap en Beer wag vir Skilpad en Hasie by die wenstreep.

Antwoord→ ________________________________

4.6

Skryf die **teenoorgestelde** van die woord. (1)

vroeg → ________________________________

4.7

Gee **'n woord wat rym** met die woord. (1)

baan → ________________________________

4.8

Verbind die volgende twee sinne met die **voegwoord "maar"**. (1)

Hasie kom by die wenstreep.
Skilpad is al klaar daar.

Antwoord→ ________________________________

4.9

Gee die **trappe van vergelyking** vir die woord. (1)

vinnig
vinniger

Antwoord→ ________________________________

FROZENFOCUS®
EDUCATION
LIVEWORKSHEETS

4.10

Rangskik die volgende woorde in **alfabetiese volgorde**. (1)

resies stadig eindstreep wenpaal

Antwoord→ ________________________________

---

**Totaal: ____ / 10**

---

FROZENFOCUS®
EDUCATION

LIVEWORKSHEETS